Gesondheids-wetenskappe

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Innovasie deur diversiteit ®

VRYWARING

Inhoud

Die studie-inligting en die minimum toelatingsvereistes in hierdie gids is onderhewig aan verandering en is slegs ’n opsomming van die algemeenste studierigtings en -vereistes. Hierdie inligting is met die oog op algemene bekendstelling en oriëntering opgestel en die Noordwes-Universiteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir wysigings wat mag plaasvind nie. Die amptelike Jaarboek van die Universiteit moet in alle gevalle by die samestelling van ’n program van die spesifieke studierigting geraadpleeg word.

Toelating en koshuisverblyf

Neem asseblief kennis dat nie alle aansoekers tot ’n bepaalde studierigting aanvaar word nie al sou hulle aan die minimumvereistes van ’n kursus voldoen. Die rede is dat die Universiteit beperkte kapasiteit het en dat die meeste aansoekers aan ’n keuringsproses onderhewig is. Dieselfde geld vir koshuisinwoning.

ALGEMENE navrae

Potchefstroomkampus

Skakel of skryf gerus aan:
Departement Bemarking en Kommunikasie (Potchefstroomkampus), Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520.
Tel: 018 299 2772, faks: 018 299 2767
E-pos: navrae@nwu.ac.za
www.nwu.ac.za
www.nwupuk.mobi
Pukke
NWUPUK
PukkeTV

Mafikengkampus

Tel: +27 18 389 2144
E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus

Tel: +27 16 910 3180
E-pos: john.maloma@nwu.ac.za

Institusionele Kantoor

Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

Fakulteit
GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Inleiding

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe bestaan uit vyf (5) skole wat elkeen ’n bepaalde studieterrein of vakdissipline verteenwoordig. Voortdurende vernuwing en aanpassing sorg dat die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die voorpunt bly van die gesondheids wetenskappe.

- Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap (Biokinetika, Menslike Bewegingskunde, Rekreasiekunde, Sportwetenskap, Kinderkinetika en Sportkunde);
- Skool vir Farmasie (Farmakologie, Farmaseutiese Chemie, Kliniese Farmasie, Farmaseutika en Farmasiepraktyk);
- Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe (Fisiologie, Voeding, Dieetkunde, Voedingkunde en Verbruikerswetenskappe);
- Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe (Maatskaplike Werk en Psigologie); en
- Skool vir Verpleegkunde (Algemene Verpleegkunde, Gemeenskapsverpleegkunde, Verloskundige Verpleegkunde, Psigiatriese Verpleegkunde, Gesondheidswetenskapsonderwys, Gesondheids diensbestuur, Gesondheidsberaming, -diagnose en behandeling en Anatomie).

Studierigtings

Diploma in Sportkunde

(Programkode vir aansoekvorm: 832100: G101P)

Spesialisering in Rugby, Atletiek en Sokker.

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat;
- ’n APS-telling van minstens 16; en
- Aansoeke is onderhewig aan interne keuring na aanleiding van sportsoort van spesialisasie.

Doel en beroepsmoontlikhede van dié program

Om sportkundiges wat in strategiese sportsoorte spesialiseer, op te lei wat op grond van hulle kennis en vaardighede:

- Sportlui se sportaanleg kan evalueer;

- Sportontleding kan doen om opponente se spelpatrone en -strategieë te bepaal;
- Sportontleding kan doen om leemtes en sterk punte van sportlui te kan identifiseer;
- Fiksheidsontleding kan doen om die identifisering van leemtes in fiksheid te bepaal;
- Foutontleding te doen in die uitvoer en toepassing van vaardighede; en
- Sportlui te help met die regstelling van geïdentifiseerde leemtes.

Belangrikste vakke
Die belangrikste vakke sluit in Sportkunde en Menslike Bewegingskunde.

Wyse van aanbieding en duur van die program
Die program word voltyds aangebied en strek oor drie (3) jaar.

Toelating tot verdere studie
Na suksesvolle voltooiing van die diploma, kan 'n student 'n BA-graad in Gesondheidswetenskappe verwerf, indien hy/sy die vereiste addisionele modules neem met spesialisering in Menslike Bewegingskunde.

Na voltooiing van die BA-graad kwalifiseer die student vir dieselfde geleenthede as enige ander afgestudeerde student met Menslike Bewegingskunde as hoofvak.

BA Gesondheidswetenskappe

Die volgende drie (3) kurrikulums word in die program BA Gesondheids wetenskappe aangebied:

- Menslike Bewegingskunde en Psigologie
  (Programkode vir aansoekvorm: 100167: G301P)
- Rekreasiekunde en Psigologie
  (Programkode vir aansoekvorm: 100167: G302P)
- Rekreasiekunde en Toerismebestuur
  (Programkode vir aansoekvorm: 100167: G303P)

Menslike Bewegingskunde en Psigologie

(Programkode vir aansoekvorm: 100167: G301P)

Toelatingsvereistes
- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- 'n APS-telling van minstens 22.

Menslike Bewegingskunde is die studie van die mens in beweging/ fisieke aktiwiteit, asook die invloed daarvan op die mens in sy totaliteit. Tydens die studie (voltyds oor 'n periode van drie (3) jaar) word aandag gegee aan die perseptueel-motoriese, fisiologiese, psigologiese en biomeganiese beginsels wat ter sprake kom wanneer die mens aan fisieke aktiwiteit deelneem.

Die toepassing van verskillende meetmetodes en oefening ter verbetering van prestasievermoë, evaluering en behandeling van sportbeserings, verbetering van gesondheid en kwaliteit van lewe, asook die ontwikkeling van bewegingsvaardighede, maak deel uit van die kursus.

NWU-PUKKE

Met Menslike Bewegingskunde as een van die twee (2) hoofvakke, kan ‘n student ‘n BA- of BSc-graad verwerf (sien BSc-programme elders).

Doel van dié kurrikulum

- Om studente in staat te stel om sportlui op ‘n wetenskaplike wyse by te staan deur toepaslike evaluering van sportprestasiepotensiaal, die samestelling van algemene sportkondisioneringsprogramme, afrigting in enkele sportsoorte, sporttalentidentifisering, asook die organisasie en administrasie van sport;
- Om studente die kennis en vaardighede te gee waarmee hulle mense kan voorlig oor oefening om siektes te voorkom;
- Om liggaamsamestelling ten opsigte van gesondheid te kan ontleed; en
- Om in gevalle van basiese mediese noodsituasies en beserings hulp te kan verleen.

Beroepsmoontlikhede

- Sportkundige;
- Sportorganiseerder;
- Sportadministrateur;
- Fiksheidsinstrukteur;
- Oefenkundige; en
- Bewegingskundige.

Toelating tot nagraadse studie:

Onderwys

Vir studente wat in die onderwys belangstel, kan die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) verwerf word.

Doen navraag by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe oor toelating.

Honneursprogramme

Suksesvolle voltooiing van beide die BA- en BSc-programme bied vir studente die geleentheid om aansoek te doen om toelating tot die toepaslike honneursprogramme (spesialisering in Biokinetika, Kinderkinetika of Sportwetenskap). Toelating tot hierdie program is onderhewig aan ‘n keuringsproses aan die einde van die derde jaar asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

Biokinetika

Die Biokinetikus streef na die bevordering van deelnemers se gesondheid en liggaamlike welstand deur middel van wetenskaplik saamgestelde en individueelgerigte oefenprogramme. Rehabilitasieprogramme word ook aangebied vir persone met klinies gediagnoseerde probleme soos kardiorespiratoriese-, ortopediese-, hipokinetiese-, metaboliese-, psigoemosionele probleme, ens.

Na voltooiing van die spesialiseringsprogram moet die student vir nog een (1) jaar praktiese ondervinding in ’n geakkrediteerde Biokinetikapraktyk opdoen, voordat volle registrasie as Biokinetikus by die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe verkry kan word.

Kinderkinetika

Gekwalifiseerde persone in dié rigting werk met jong kinders – gewoonlik tussen die ouderdom van drie tot tien jaar. Die programme is gerig op die ontwikkeling van perseptueel-motoriese vaardighede, asook sportspesifieke vaardigheidsprogramme. Studente word ook opgelei om motoriese remediërende programme vir kinders met bepaalde motoriese, verstandelike, emosionele, sosiale, leer of neurologiese agterstande aan te bied. Hierdie werk vorm dikwels deel van ’n multidissiplinêre span saam met ander kundiges soos bv. Arbeidsterapeute, Fisioterapeute, Medici, Psigoloë en Biokinetici.

Sportwetenskap

Die Sportwetenskaplike lewer professionele, wetenskaplike ondersteuningsdienste ter ontwikkeling en bevordering van prestasievermoë in sport. Die bydrae strek vanaf die identifisering en ontwikkeling van nuwe sporttalent op jong ouderdom, tot by die toetsing en wetenskaplike optimalisering van elite sportlui se prestasiepotensiaal, ter ondersteuning van die afrigter se take.

Sodoende behels die Sportwetenskaplike se werk onder andere die volgende:

- Sportfisiologiese evaluering van prestasiepotensiaal;
- Individueelgerigte, sportspesifieke wetenskaplike oefenprogram-ontwerp en begeleiding;

- Sporttalentidentifisering;
- Sportpsigologiese evaluering, begeleiding en motivering;
- Sportvoeding;
- Sportbestuur en administrasie; en
- Sportantropometrie.

Die suksesvolle voltooiing van die honneursgraad gee ook die student geleentheid om aansoek te doen vir keuring vir die MA- of MSc-graad met spesialisering in Biokinetika, Kinderkinetika of Sportwetenskap en daarna die PhD-graad.

Rekreasiekunde en Psigologie

(Programkode vir aansoekvorm: 100167: G302P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 22.

Rekreasiekunde en Toerismebestuur

(Programkode vir aansoekvorm: 100167: G303P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 22.

Rekreasiekunde is die studie van die mens se vryetydsgedrag, asook die verband wat dit met die omgewing het en hoe dié dienste in die gemeenskap benodig en ontplooi kan word. Buitelugrekreasie en avontuuropleiding maak ook deel van dié kursus uit. Dit fokus veral daarop om lewensvaardighede te ontwikkel en mense te bemagtig om dié vaardighede op verskillende lewensterreine te gebruik en toe te pas. Twee (2) vasgestelde BA-kurrikulums met Rekreasiekunde as hoofvak bestaan, naamlik Rekreasiekunde en Psigologie, asook Rekreasiekunde en Toerismebestuur.

Doel van dié kurrikulums

- Om die student te bemagtig met tersaaklike teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede om die arbeidsmark as entrepreneur of werknemer van organisasies op die terrein van Rekreasiekunde te betree;
- Om gekwalifiseerde kundigheid aan Suid-Afrika te lewer wat aktief kan leiding gee met betrekking tot die bemagtiging van die gemeenskap ter bevordering van welstand, lewensvaardighede en effektiewe vryetydsleefstyl;
- Om rekreasieprogramme (aan die hand van wetenskaplikgefundeerde teorieë) vir geselekteerde teikengroepe te beplan, ontwikkel, implementeer, fasiliteer en te evalueer; en
- Om die student bewus te maak van sodanige etiese en morele waardes en norme om die gemeenskap te kan dien met verworwe kundig- en vaardighede.

Ná voltooiing van die kurrikulums is die student opgelei om kundighede in bepaalde beroepe toe te pas:

- Sport- en Rekreasiebestuurder;
- Rekreasiesentrumbestuurder;
- Programbeplanner;
- Fasiliteitebestuurder;
- Rekreasiekonsultant;
- Spanboudeskundige
- Avontuurinstrukteur; en
- Avontuurterapeut.

Toelating tot nagraadse studie

Studente wat in nagraadse programme in Rekreasiekunde belangstel, moet kennis neem dat hulle aan die einde van hul derde jaar vir die program gekeur sal word en dat keuring onderhewig is aan beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

Onderwys

Studies in Rekreasiekunde bied nie toegang tot die Nagraadse Onderwys -sertifikaat (NGOS) nie (sien die afdeling oor die Fakulteit Opvoe d ingswetenskappe).

Honneursprogram in Rekreasiekunde

Suksesvolle voltooiing van die BA-program bied vir studente die geleentheid om aansoek te doen om toelating tot die honneursprogram in Rekreasiekunde.

Tydens die honneursprogram vind spesialisasie plaas in program-beplanning, terapeutiese rekreasie, gevorderde fasilitering, reaksie-bestuur, navorsing en ander bestuursvaardighede. Die kursus berei die student voor om bemagtigings- en rehabiliterende werk in gemeenskappe te verrig. Korporatiewe programaanbiedings geniet ook aandag in dié spesialisering. Opleiding vind ook plaas in ’n verskeidenheid avontuuraktiwiteite wat op nasionale en internasionale kwalifikasies kan uitloop.

Die suksesvolle voltooiing van die honneursgraad gee ook die student geleentheid om aansoek te doen vir keuring vir die MA-graad in Rekreasiekunde en daarna die PhD-graad en is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

BA (Sport-, Gesondheid- en Vryetydwetenskap)

(Programkode vir aansoekvorm: 843100: G316P)

Hierdie kwalifikasie bestaan uit een kurrikulum waarvan Menslike Bewegingskunde en Rekreasiekunde die onderskeie hoofvakke is.

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 22.
  (Sien vakgroep Menslike Bewegingskunde en Rekreasiekunde vir meer inligting.)

Baccalaureus in Maatskaplike Werk (B MW)

(Programkode vir aansoekvorm: 111101: G402P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- ’n APS-telling van minstens 24; en
- Onderworpe aan ’n keuringstoets.

Doel en beroepsmoontlikhede van dié program

Maatskaplike Werk is ’n professie. Dit beteken dat jy spesiale vakkundige opleiding moet ondergaan, voordat jy as ’n maatskaplike werker mag praktiseer. Die werk sluit terapeutiese, sowel as

voorkomingsdienste in wat aan enkelinge, groepe en gemeenskappe gelewer word. Professionele dienslewering geskied ten opsigte van ’n wye verskeidenheid vraagstukke, sodat mense gehelp word om hulself te help.

Die Maatskaplikewerk-professie het talentvolle jong mense nodig om te help ontwikkel aan Suid-Afrika se kosbaarste bron – sy mense. Vir hierdie kwalifikasie word een (1) program aangebied. Dit gee aan jou ’n professionele kwalifikasie waarmee jy by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe kan registreer. Die doel van hierdie program is om studente op te lei om as maatskaplike werkers terapeutiese en ontwikkelingswerk te verrig en om die onderskeie rolle van die maatskaplike werker, soos deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe vereis, effektief te vervul.

Wie kan maatskaplike werkers word?

Talentvolle mense met goeie verstandelike en oordeelsvermoë, wat belangstelling en geloof in hulle medemens openbaar en wat ’n sin vir betroubaarheid en verantwoordelikheid aan die dag lê, is geskikte kandidate. Hoewel die professie deur albei geslagte beoefen word, is daar veral ’n groot vraag na mans in die professie.

Watter werksgeleenthede is daar vir my?

Beroepe in die staatsdiens, privaatsektor, privaatpraktyk en akademie kan gevolg word. Ander instansies soos kerke, vroue-organisasies, skole en groot werknemers maak ook dikwels van maatskaplike werkers gebruik. Maatskaplike werkers kan ook privaat praktiseer.

Belangrikste vakke

Die belangrikste vakke in hierdie program is Maatskaplike Werk, Psigologie en Sosiologie.

Wyse van aanbieding en duur van die program
Die program word voltyds aangebied en strek oor vier (4) jaar.

Toelating tot nagraadse studie
Suksesvolle voltooiing van die program verleen toegang tot die meestersgraad in Maatskaplike Werk. Toelating is egter onderhewing aan 'n keuringsproses en beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

BA Psigologie (Sielkunde)

In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe word 'n gesondheids-program met verskillende strome aangebied afhangende van die vakkombinasies. Die doel is om studente toe te rus vir beroepe binne die breë terrein van die gesondheidswetenskappe wat deur navorsing en/of konsultasie die fisiese en psigiese gesondheid van mense bevorder.

Toelatingsvereistes
Psigologie word in verskeie programme as een van twee (2) hoofvakke aangebied. Hierdie voorgraadse studie bestaan uit 'n B-graad bv. Baccalaureus Artium (BA) of Baccalaureus Scientiae (BSc). Die toepaslike toelatingsvereistes vir die betrokke graad is van toepassing.

Doel en beroepsmoontlikhede van die programme
Sielkunde oftewel Psigologie is die studie van menslike gedrags-patrone, denkwyses en gevoelens. Alhoewel die sielkunde dikwels beskou word as 'n wetenskap waarvan Sigmund Freud die stigter was, kan 'n mens dit verder terug in die geskiedenis vind in die debatte tussen filosowe soos John Locke en Immanuel Kant.

Die moderne studie van sielkunde bestaan uit 'n hele aantal spesialisasierigtings, te wete bedryfsielkunde, ontwikkelingsielkunde, sosiale sielkunde, psigonomie (oorkoepelende term vir kogni-tiewe- en neuro sielkunde), psigopatologie, fisiologiese siel-kunde, psigologiese metodeleer, persoonlikheidsielkunde en dan die terapiegebaseerde rigtings soos kliniese sielkunde, opvoedkundige sielkunde en voorligting sielkunde. Hierdie programme fokus op voorkomende, bevorderende en fasiliterende gesondheidsvoorligting.

Wyse van aanbieding en duur van die programme
Sover dit die BA- en die BSc-graad betref, word al die modules van Psigo logie voltyds aangebied en strek die programme oor drie (3) jaar.

Verdere uiteensetting van die programme
Die kurrikulums bestaan uit vaste modulesamestellings wat fokus op Psigologie as hoofvak. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoeftes van ons land. Hierdie kurrikulums berei die student ook voor vir nagraadse studie in die onderskeie hoofvakke.

Die volgende programme word aangebied:

BA (Psigologie en Afrikaans en Nederlands)

(Programkode vir aansoekvorm: 100169: G301P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 20.

Kurrikulumuitkoms

Om studente die geleentheid te bied tot die verwerwing van graadvlakvaardigheid en toegepaste vaardighede in die veld van Psigologie en om hulle bewus te maak van die toegevoegde waarde wat taal- en literatuurstudie kan inhou vir die beroepswêreld.

Toelating tot nagraadse studie

Suksesvolle verwerwing van die BA-graad verleen toegang tot die honneursgraad in Afrikaans en Nederlands of Psigologie en is onderhewig aan ’n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

BA (Psigologie en Arbeidsverhoudinge)

(Programkode vir aansoekvorm: 100170: G301P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 20.

Kurrikulumuitkoms

Die bevordering van kritiese en kreatiewe denke en gebruik van die wetenskap en tegnologie om die student te bemagtig met die tersaaklike teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede om die arbeidsmag en entrepreneur of werknemer van organisasies op die terrein van Arbeidsverhoudinge en Psigologie te betree.

Toelating tot nagraadse studie

Suksesvolle verwerwing van die BA-graad verleen toegang tot die

honneursgraad in Arbeidsverhoudinge of Psigologie en is onderhewig aan ‘n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

BA (Psigologie en Engels)

(Programkode vir aansoekvorm: 100171: G301P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 20.

Kurrikulumuitkoms

Om studente die geleentheid te bied tot die verwerwing van graadvlakvaardigheid en toegepaste vaardighede in die veld van Psigologie en om hulle bewus te maak van die toegevoegde waarde wat taal- en literatuurstudie kan inhou vir die beroepswêreld.

Toelating tot nagraadse studie

Suksesvolle verwerwing van die BA-graad verleen toegang tot die honneursgraad in Engels of Psigologie en is onderhewig aan ‘n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

BA (Psigologie en Geografie en Omgewingstudie)

(Programkode vir aansoekvorm: 100172: G301P)

NWU-PUKKE

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 20.

Kurrikulumuitkoms

Na suksesvolle voltooiing van die kurrikulum sal studente in staat wees om as onderwyser in Geografie en Voorligting te praktiseer, (na voltooiing van ‘n nagraadse kwalifikasie) en in die veld van Omgewingsbestuur, veral op die terrein van openbare deelname en sosiale invloedstudies, te kan praktiseer.

Toelating tot nagraadse studie

Suksesvolle verwerwing van die BA-graad verleen toegang tot die honneursgraad in Psigologie of Geografie en Omgewingstudie en is onderhewig aan ‘n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Suksesvolle verwerwing van die honneursgraad in Geografie en Omgewingstudie verleen toegang tot die Magistergraad in Omgewingswetenskap. Na die aanvanklike deel van die M Env Sci-graad suksesvol afgelê is, kan die student ook aansoek doen om toegelaat te word tot die Magistergraad in Omgewingsbestuur.

BA (Psigologie en Setswana)

(Programkode vir aansoekvorm: 100173: G301P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- ’n APS-telling van minstens 20.

Kurrikulumuitkoms

Om studente die geleentheid te bied tot die verwerwing van

graadvlakkundigheid en toegepaste vaardighede in die veld van Psigologie en om hulle bewus te maak van die toegevoegde waarde wat 'n Afrikataal en literatuurstudie kan inhou vir die beroepswêreld.

Toelating tot nagraadse studie
Suksesvolle verwerwing van die BA-graad verleen toegang tot die honneursgraad in Setswana (Letter- en Taalkunde) of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

BA (Psigologie en Sosiologie)

(Programkode vir aansoekvorm: 100174: G301P)

Toelatingsvereistes
- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- 'n APS-telling van minstens 20.

Kurrikulumuitkoms
Om studente die geleentheid te bied tot die verwerwing van graadvlakvaardighede en toegepaste vaardighede in die veld van Psigologie en Sosiologie om as gemeenskaps-ontwikkelaars op te tree binne die plaaslike, streeks- en nasionale regeringsdiens.

Toelating tot nagraadse studie
Suksesvolle verwerwing van die BA-graad verleen toegang tot die honneursgraad in Openbare Bestuur en Regering, Volhoubare Ontwikkeling of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

BA (Psigologie en Toerismebestuur)

(Programkode vir aansoekvorm: 100175: G301P)

Toelatingsvereistes
- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating; en
- 'n APS-telling van minstens 20.

Kurrikulumuitkoms
Die bevordering van kritiese en kreatiewe denke en gebruik van die wetenskap en tegnologie om die student te bemagtig met die tersaaklike teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede om die arbeidsmark as entrepreneur of werknemer van organisasies op die terrein van Toerismebestuur en Psigologie te betree.

Toelating tot nagraadse studie
Suksesvolle verwerwing van die BA-graad verleen toegang tot die honneursgraad in Toerismebestuur of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

Nagraadse studies in Psigologie
Na voltooiing van die BA- of BSc-graad, doen die student aansoek om keuring vir toelating tot die honneursgraad in Psigologie.

Na voltooiing van die honneursgraad, kan die student aansoek

doen om ses (6) maande praktiese werk, onder ons toesig en by goedgekeurde instansies, te gaan doen en na voltooiing van die praktiese werk, kan die student by die SA Raad vir Gesondheidsberoepe (Health Professions Council of South Africa) registreer as Sielkundige Voorligter.

Die voltooiing van die honneursgraad gee ook die student die geleentheid om aansoek te doen vir keuring vir die MA- of MSc-graad in Kliniese, Voorligting- of Navorsingsielkunde om dan te kan registreer as Sielkundige

BSc (Biologiese Wetenskappe)

In die program BSc (Biologiese Wetenskappe) word die volgende kurrikulums aangebied:

- Fisiologie en Biochemie
  (Programkode vir aansoekvorm: 200112: G301P)
- Psigologie en Rekenaar- en Inligtingstelsels
  (Programkode vir aansoekvorm: 200112: G305P)
- Psigologie en Wiskunde
  (Programkode vir aansoekvorm: 200112: G306P)

As gevolg van wysings in die programeienaarskap tussen fakulteite word die volgende drie (3) kurrikulums vanaf 2012 uitgefaseer. Nuwe kurrikulums in dié programme sal deur Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word.

- Fisiologie en Chemie
  (Programkode vir aansoekvorm: 200112: G302P)
- Fisiologie en Dierkunde
  (Programkode vir aansoekvorm: 200112: G303P)
- Fisiologie en Mikrobiologie
  (Programkode vir aansoekvorm: 200112: G304P)

Toelatingsvereistes vir BSc (Biologiese Wetenskappe)

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 4 (50-59%) en Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50-59%); en
- ’n APS-telling van minstens 24.

Belangrikste vakke

Saam met Fisiologie kan uit die volgende hoofvakke gekies word: Dierkunde, Biochemie, Chemie en Mikrobiologie.

Wat is Fisiologie?

Fisiologie is ’n afdeling van die mediese wetenskap wat die funksies en gekoördineerde aktiwiteite van selle, weefsels en organe in lewende organismes bestudeer.

Die voorgraadse en nagraadse kursusse in die vakgroep Fisiologie is só gestruktureer dat dit aan die eise van die beroepswêreld voldoen en bied uitstekende opleiding vir verskeie beroepsgeleenthede.

Al die nagraadse kursusse kan op honneurs-, magister- en doktorale vlak geneem word. In die vakgroep Fisiologie word spesifiek op die mens gefokus. Lewenseienskappe soos prikkelbaarheid, kommunikasie en koördinasie, vertering en absorpsie van voedsel, werking van die hart en bloedsirkulasie, energiebalans, asemhaling, uitskeiding en voortplanting word onder andere bestudeer.

Wyse van aanbieding en duur van die program

Die program word voltyds aangebied en strek oor drie (3) jaar.

Toelating tot nagraadse studie

Na verwerwing van die BSc-graad kan studente, afhangend van die rigting wat gevolg is, toelating kry tot BSc Honneurs in Fisiologie, Biochemie, Chemie, Dierkunde en Mikrobiologie en is onderhewig aan ‘n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Studente word aangemoedig om ‘n gespesialiseerde, beroepsgerigte kursus tot op honneursvlak te neem.

Ná suksesvolle voltooiing van die honneursgraad kan ‘n M- en dan ‘n PhD-graad gevolg word, mits daar aan die gestelde vereistes voldoen word.

Nagraadse studie in Fisiologie

BSc Honneurs in Fisiologie
(Voltyds: 1 jaar; deeltyds: 2 jaar)

Toelatingsvereistes

‘n Baccalaureus graad met Fisiologie as hoofvak of ‘n gelykwaardige kwalifikasie met ‘n grondige kennis van Fisiologie. Studente word op grond van hulle prestasie in voorafgaande studies beoordeel en ‘n gemiddeld van 60% in Fisiologie op derderjaarsvlak word as vereiste gestel. ‘n Newe-vereiste is STTN111 of vergelykbare statistiek-module. Toelating is ook onderhewig aan goedkeuring deur die skooldirekteur en beskikbare kapasiteit.

Samestelling van kurrikulum

Die kursusinhoud bestaan uit die volgende verpligte modules: Sellulêre Fisiologie, Neorofisiologie, Endokrinologie, Navorsingsmetodologie en ‘n praktiese projek. Die student moet ook enige drie modules uit die volgende keuses neem: Kardiovaskulêre

Fisiologie A, Kardiovaskulêre Fisiologie B, Kardiovaskulêre Fisiologie C, Beroepshigiëne Monitering A, Toksikologie A en Toksikologie B.

Die praktiese projek kan in enige van die volgende gedoen word:

- Beroepshigiëne word toegewy aan die identifisering, evaluering en beheer van omgewingsfaktore en stressors in die werks-omgewing wat 'n gesondheidsrisiko vir die werker inhou. Dit sluit in: geraas, vibrasie, gevaarlike chemiese stowwe, verligting, straling, ergonomie, omgewingsbesoedeling en die bestudering van toepaslike wetgewing; of
- Kardiovaskulêre Fisiologie behels die ondersoek van die invloed van verskillende risikofaktore op die kardiovaskulêre stelsel (o.a. bloeddruk, bloedvate) van die mens. Hierdie veld van studie is uiters belangrik aangesien die voorkoms van kardiovaskulêre siektes drasties aan die toeneem is. Die Hypertension is Africa Research Team (HART) fokus op bloeddruk en vaskulêre funksie wat ondersoek word in beide epidemiologiese en kliniese studies.

MSc in Fisiologie

(Voltyds/deeltyds)

Studente word voor toelating tot die MSc ook aan keuring onderwerp. Hier word 'n verhandeling ingegee waarvan die projek in kardiovaskulêre fisiologie gedoen kan word.

MSc in Beroepshigiëne

(Voltyds/deeltyds)

Studente word ook voor toelating aan keuring onderwerp. Vir die graad word teoretiese eksamens afgelê in Beroepshigiëne Monitering B, Vibrasie, hitte en ergonomiese faktore, Arbeidswetgewing, Persoonlike beskermingstoerusting en straling.

'n Skripsie gebaseer op 'n navorsingsondersoek oor 'n toepaslike onderwerp uit die vakgebied en die bywoning en slaag van 'n NOSAkursus is verpligtend. Na voltooiing van die MSc in Beroepshigiëne moet die kandidaat registreer by die "Southern African Institute for Occupational Hygiene" om te mag praktiseer/werk as Beroepshigiënis.

PhD in Fisiologie of Beroepshigiëne

(Voltyds/deeltyds)

Studente word voor toelating tot die PhD ook aan keuring onderwerp. 'n Proefskrif met betrekking tot die onderwerp van navorsing moet ingehandig word.

Beroepsmoontlikhede

'n Groot verskeidenheid beroepe vereis kennis van Fisiologie. Oral waar die mens betrokke is, is hierdie kennis van belang. Enkele voorbeelde van werkgewers is:

- Institute en navorsingseenhede van die Mediese Navorsingsraad;
- Institute en departemente van mediese skole wat navorsing doen;
- Die Nasionale Sentrum vir Beroepsgesondheid;
- Die Instituut vir Mannekragstudie en Ergonomie;
- Die Instituut vir Lugvaartgeneeskunde;
- Die laboratoriums van die Departement van Gesondheid in verskeie stede en dorpe;
- Die landbounavorsingsinstitute en -kolleges vir veeartsenykunde en veekundige navorsing;

- Die mynbedryf;
- Sekondêre skole as onderwyser;
- Universiteite van Tegnologie en universiteite (dosent en/of navorser);
- Die navorsingslaboratoriums vir beroepshigiëne;
- Die WNNR se laboratorium vir mynboutegnologie (Beroepshigiëne);
- Die navorsingslaboratoria van farmaseutiese maatskappye of patoloë; en
- Beroepshigiënis deur vir jouself te werk.

BSc (Gesondheidswetenskappe)

Die volgende kurrikulums word in die program BSc Gesondheidswetenskappe aangebied:

- Fisiologie en Psigologie
  (Programkode vir aansoekvorm: 200186: G301P)
- Voeding en Fisiologie
  (Programkode vir aansoekvorm: 200186: G302P)

Toelatingsvereistes
- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 3 (40-49%) en Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50-59%); en
- ‘n APS-telling van minstens 24.

Vir nagraadse studie in Voeding word ‘n minimum punt van 60% inVoeding op derdejaarsvlak vereis, sowel as ‘n kursus in statistiek ofnavorsingsmetodologie.

BSc-programme in Menslike Bewegingskunde
BSc (Menslike Bewegingskunde en Fisiologie)

(Programkode vir aansoekvorm: 200187: G301P)

Toelatingsvereistes
- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 3 (40-49%)
- Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50%-59%); en
- ‘n APS-telling van minstens 24
  (Sien vakgroep Menslike Bewegingskunde vir meer inligting).

BSc (Menslike Bewegingskunde en Voeding)

(Programkode vir aansoekvorm: 200188: G301P)

Toelatingsvereistes
- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 3 (40-49%);
- Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50-59%); en
- ‘n APS-telling van minstens 24
  (Sien vakgroep Menslike Bewegingskunde vir meer inligting).

BSc (Psigologie en Voeding)

(Programkode vir aansoekvorm: 200189: G301P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 3 (40–49%)
- Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50-59%); en
- ’n APS-telling van minstens 22

(Sien vakgroep Psigologie vir meer inligting).

RAAKVATgraad

BPharm (Aptekerswese)

(Programkode vir aansoekvorm: 800101: G412P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 4 (50-59%)
  - Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50-59%);
  - ’n APS-telling van minstens 26; en
  - Onderworpe aan ’n keuringstoets.

Voornemende studente moet hul aansoeke voor 30 Junie van elke jaar indien. Die program word in Afrikaans aangebied, maar word in Engels getolk.

Die Aptekersprofessie

Die aptekersberoep is ’n dinamiese, informasiegedrewe, pasiëntgeoriënteerde professie wat verantwoordelikheid aanvaar vir medisyne in al sy fasette deur op te tree as:

- Toesighouer van medisyne;
- Formuleerder, vervaardiger, verspreider en kontroleur van veilige, effektiewe en kwaliteit medisyne;
- Adviseur oor die veilige, rasionele en toepaslike gebruik van medisyne;
- Voorsiener van essensiële kliniese dienste, insluitende siftings-toetse en verwysingsdienste;
- Verskaffer van gesondheidsorg-opvoeding en inligting;
- Voorsiener van farmaseutiese sorg deur verantwoordelikheid te aanvaar vir die uitkoms van terapie en deur aktief betrokke te wees by die ontwerp, implementering en monitering van farmaseutiese sorg planne; en
- Voorsiener van koste-effektiewe en doeltreffende farmaseutiese dienste.

Doel van dié program

Om studente met kennis, vaardighede en bevoegdhede toe te rus sodat hulle as lede van ’n gesondheidsspan in staat sal wees om professionele farmaseutiese dienste te lewer. Na suksesvolle voltooiing van die program en die vereiste internskap moet aptekers oor die volgende bevoegdhede beskik:

- Organisasie en kontrole van die vervaardiging, verpakking en gehalteversekering van farmaseutiese produkte;
- Organisasie en kontrole van die verkryging, berging en verspreiding van farmaseutiese materiaal en produkte;
- Resepteer en verseker die optimale gebruik van voorgeskrewe medisyne;
- Verskaf aptekersgeïnisieerde behandeling van pasiënte en verseker die optimale gebruik van medisyne;
- Verskaf opvoeding en inligting oor gesondheidsorg en medisyne;
- Bevorder gemeenskapsgesondheid en verskaf verbandhoudende inligting en advies; en

- Neem deel aan navorsing om die optimale gebruik van medisyne te verseker.

Beroepsmoontlikhede

Die jong gekwalifiseerde apteker het 'n wye keuse van beroepsmoontlikhede afhangende van sy/haar eie voorkeure, dit sluit in die bekende gemeenskapsaptekerswese, hospitaalaptekerswese (privaat en publiek) en die Farmaseutiese vervaardigingsbedryf.

Ander beroepsmoontlikhede behels onder andere groothandelaptekers, gesondheidsorgbestuur, medisyne beheer-beamptes, ens. Hierdie poste bestaan onder andere by mediese fondse, plaaslike owerhede, sentrale regering, ens. Navorsingsposte bestaan ook by universiteite en kolleges sowel as die MNR, dus 'n verskeidenheid uiteenlopende beroepe wat by jou persoonlike voorkeur sal pas.

Belangrikste vakke

Die belangrikste vakke in hierdie program is Farmakologie, Farmaseutiese Chemie, Farmaseutika, Farmasiepraktyk en Kliniese Farmasie.

Die volledige kurrikulum is op die Internet beskikbaar by:

http://www.nwu.ac.za/farmasie

Wyse van aanbieding en duur van die program

Die program word voltyds aangebied en strek oor vier (4) jaar. Ná verwerwing van die graad en voordat studente by die Suid- Afrikaanse Aptekersraad as aptekers geregistreer kan word, moet 'n jaarlange internskap by 'n gemeenskapsapteek, 'n hospitaalapteek of in die farmaseutiese industrie deurloop word. Studente kan ook 'n akademiese internskap (gewoonlik 2 jaar) aan die Universiteit voltooi waartydens die suksesvolle studente 'n Meesters graad verwerf. Na internskap (gewoon of akademies) en die suksesvolle aflegging van 'n toelatingseksamen, registreer studente as apteker. Nuut gekwalifiseerde aptekers is volgens wet verplig om een jaar gemeenskapsdiens te verrig, voordat hulle die algemene arbeidsmag mag betree.

Toelating tot nagraadse studie

Na suksesvolle voltooiing van die program kan studente aansoek doen om toelating tot die volgende nagraadse studierigtings: MPharm en MSc met die daaropvolgende PhD en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

Nagraadse studie in die Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling

MSc in Farmaseutiese Chemie / Farmakologie / Farmaseutika

Toelatingsvereistes

- 'n Vierjarige B-graad (BSc of BPharm) of 'n Hons BSc;

- Minimum duur van die studie: 1 jaar; en
- Die studie behels ’n navorsingsverhandeling.

PhD in Farmaseutiese Chemie / Farmakologie / Farmaseutika

Toelatingsvereistes
- ’n Relevante MSc-graad;
- Minimum duur van studie: 2 jaar; en
- Die studie behels ’n navorsingsproefskrif.

Nagraadse studie in die nisarea: Medisyneverbruik in Suid-Afrika
MPharm in Farmasiepraktyk

Toelatingsvereistes
- ’n Vierjarige B-graad (BSc of BPharm) of gelykwaardige kwalifikasie;
- Minimumduur van die studie: 1 jaar;
- Studie behels ’n navorsingsverhandeling en voltooiing van bepaalde verpligte modules in die eerste studiejaar; en
- Studie kan voltyds of deeltyds geskied.

PhD in Farmasiepraktyk

Toelatingsvereistes
- ’n Relevante M-graad (MSc of MPharm) of gelykwaardige kwalifikasie;
- Minimumduur van die studie: 2 jaar;

- Studie behels ‘n navorsingsproefskrif; en
- Studie kan voltyds of deeltyds geskied.

BSc (Dieetkunde)

(Programkode vir aansoekvorm: 206101: G431P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 4 (50-59%) en Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50-59%);
- ‘n APS-telling van minstens 26; en
- Keuring.

Voornemende studente moet hul aansoeke voor 30 Junie van elke jaar indien.

Doel en beroepsmoontlikhede van dié program

Hierdie kwalifikasie bestaan uit een program, wat lei tot die verwerwing van ‘n gespesialiseerde beroepsgerigte graad waarmee studente as dieetkundiges by die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe (Health Professions Council of South Africa) kan registreer.

Studente word toegerus met die teoretiese kennis, praktiese vaardighede, professionele ingesteldheid, gedrag en houding wat noodsaaklik is om as dieetkundiges en bestuurders van voedingsorg hul professie, volgens die behoeftes van die land en internasionale standaarde en tendense, te beoefen. Dieetkundiges spesialiseer in voeding van individue en gemeenskappe en verskaf advies met betrekking tot die voeding van gesonde en siek persone, aan die hand van internasionaal aanvaarde standaarde van voedingsorg. Die dieetkundige word as ‘n waardevolle lid van die mediese span erken. Dieetkundiges is ook betrokke by die ontwikkeling van nuwe voedsel produkte.

‘n Verskeidenheid werksmoontlikhede vol uitdagings wag in die volgende velde:

- **Privaatsektor**: voedselnywerheid, voedseldiensbestuur, konsultant of verteenwoordiger vir farmaseutiese firmas, privaathospitale, gimnasiums, mynwese, mediadienste, en kitskosfirmas;
- **Entrepreneur**: Die dieetkundige kan sy/haar eie onderneming bedryf met onder andere privaatpraktyk of spyseniering, veral in die steeds groeiende gesondheidsbewuste mark;
- **Openbare sektor**: in openbare gesondheidsdepartemente, provinsiale hospitaaldienste, Weermag of Korrektiewe Dienste as terapeutiese dieetkundige, gemeenskapsdieetkundige of voedseldiensbestuurder;
- **Joernalistiek**: Met die nodige skryftalent kan die joernalistieke wêreld betree word op vryskutbasis;
- **Onderwys**: universiteite, kolleges en skole (‘n Nagraadse Onderwyssertifikaat word aanbeveel vir skoolonderwys);
- **Promosie en skakelwerk**: In hierdie hoedanigheid gebruik die dieetkundige sy/haar deskundige kennis om die onderneming se beeld, sowel as produkte te bevorder; en
- **Navorsing**: Mediese Navorsingsraad, WNNR, universiteite en voedselnywerheid.

Belangrikste vakke

Die belangrikste vakke in die program sluit in Voeding, Voedseldiensbestuur, Terapeutiese Voeding, Voedsel, Chemie, Fisiologie, Biochemie, Navorsingsmetodologie, Mikrobiologie, Statistiek, Akademiese geletterdheid. In die finale studiejaar maak studente met die praktyk kennis.

Wyse van aanbieding en duur van die program
Die program word slegs voltyds aangebied en strek oor vier (4) jaar.

Toelating tot nagraadse studie
Suksesvolle voltooiing van die program bied toelating tot die meestersgraad in Dieetkunde en is onderhewig aan keuring, waarna 'n PhD in Dieetkunde of Voeding gevolg kan word, mits daar aan die gestelde vereistes voldoen word.

Belangrike kennisgewing: Verpligte diensjaar
Na voltooiing van die BSc (Dieetkunde)-kwalifikasie, word 'n verpligte diensjaar as dieetkundige vir die Departement van Gesondheid gewerk.

Die doel hiermee is om kundigheid in Suid-Afrika te ontplooi na plattelandse gebiede waar hierdie dienste normaalweg nie gevind word nie. Die dieetkundige ontvang 'n basiese salaris en byvoordele vir die jaar.

Sonder hierdie diensjaar word die dieetkundige nie toegelaat om in Suid-Afrika te werk of te praktiseer nie.

BSc (Voedingkunde)

(Programkode vir aansoekvorm: 286100: G401P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Wiskunde vlak 4 (50-59%)
- Fisiese Wetenskap op vlak 4 (50-59%);
- APS-telling van minstens 26; en
- Keuring.

Voornemende studente moet hul aansoeke voor 30 Junie van elke jaar indien.

Doel en beroepsmoontlikhede van die program
Hierdie kwalifikasie bestaan uit een program wat lei tot die verwerwing van 'n gespesialiseerde beroepsgerigte graad waarmee studente as Voedingkundiges by die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe (Health Professions Council of South Africa) kan registreer.

Studente word toegerus met teoretiese kennis, praktiese vaardighede, professionele ingesteldheid, gedrag en houding wat noodsaaklik is om as voedingkundiges en as bestuurders van voedingsorg in gemeenskappe, volgens die behoeftes na die land en internasionale standaarde en tendense, te beoefen.

Voedingkundiges spesialiseer in voeding van gemeenskappe, navorsing en volhoubare ontwikkeling deur middel van voortdurende gesprekke met die Departement van Gesondheid insake erkende en goedbestuurbare prosesse om die voedingsituasie in Suid-Afrika te verbeter. Die voedingkundige word as 'n waardevolle lid van die openbare gesondheidsorgspan gesien en is betrokke by die ontwikkeling en monitering van voedingsintervensieprogramme (b.v. The Integrated Nutrition Programme) en beleidvorming in gemeenskappe.

'n Verskeidenheid werksmoontlikhede vol uitdagings wag in die volgende velde:

- Privaatsektor: Nie-Regeringsorganisasies (NGOs);
- Entrepreneur: Konsultant vir die voedselindustrie, regering of NGOs;
- Openbare sektor: in openbare gesondheidsdepartemente, klinieke, Weermag of Korrektiewe dienste as voedingkundige;
- Navorsing: Mediese Navorsingsraad (MNR), WNNR, universiteite en die voedselindustrie; en
- Onderwys: Universiteite en skole ('n Nagraadse Onderwysertifikaat word aanbeveel vir skoolonderwys).

Belangrikste vakke

Die belangrikste vakke in die program sluit in Voeding en Basiese voedsel, Chemie, Anatomie, Biochemie, Primêre Gesondheidsorg, Voedseldiensbestuur, Gevorderde Voeding, Gesins- en Gemeenskaps voeding, Fisiologie, Navorsingsmetodologie, Openbare bestuur en – regering (Public management and governance), Gesondheidsbevorde ring, Voedingprogrammering (Nutrition Programming), Beleidsanalise en projekbestuur (Policy analysis and project management). Vanaf die derde studiejaar maak die studente met die praktyk kennis.

Wyse van aanbieding en duur van die program

Die program word slegs voltyds aangebied en strek oor vier (4) jaar.

Toelating tot nagraadse studie

Suksesvolle voltooiing van die program bied toelating tot die Meestersgraad in Voeding en is onderhewig aan keuring, waarna 'n PhD in Voeding gevolg kan word, mits daar aan die gestelde vereistes voldoen word.

Belangrike kennisgewing: Verpligte diensjaar

Die Departement van Gesondheid beoog om 'n verpligte diensjaar in te stel na voltooiing van die BSc (Voedingkunde)-kwalifikasie. Die doel hiermee is om kundigheid in Suid-Afrika na plattelandse gebiede te ontplooi waar hierdie dienste normaalweg nie gevind word nie. Die voedingkundige ontvang 'n basiese salaris en byvoordele vir die jaar.

BSc in Verbruikerswetenskappe

Die volgende kurrikulums word aangebied:

- BSc (Verbruikerswetenskappe met Ondernemingsbestuur)
  (Programkode vir aansoekvorm: 845100: G301P)
- BSc (Verbruikerswetenskappe met Toerismebestuur)
  (Programkode vir aansoekvorm: 845100: G302P)

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Ten minste een natuurwetenskaplike vak op vlak 4 (50-59%) (erkende natuurwetenskaplikke vakke: Wiskunde of Fisiese- of Landbou- of Lewenswetenskappe)
- ’n APS-telling van minstens 22.
- Keuring

Wat is Verbruikerswetenskappe?

Verbruikerswetenskappe is ’n studieveld waar die fokus op die welstand van die verbruiker en hul interaksie met gemeenskappe en die omgewing val. Dit is ’n stimulerende studierigting wat die geleentheid bied om kreatiwiteit op verskeie vlakke tot voordeel van die verbruiker aan te wend. Die behoeftes van die Suid-Afrikaanse verbruiker word op’n wetenskaplike wyse ontgin en nagevors. Verbruikerswetenskappe bestudeer die verbruiker binne drie hoofkomponente naamlik voedsel, mode en verbruikershulpbronne wat onder meer behuising en binneontwerp insluit. Aspekte rakende ondernemingsbestuur en toerismebestuur word ter ondersteuning ingesluit.

Die opleiding wat die verbruikerswetenskaplike ontvang, stel hom/haar in staat om ’n waardevolle opvoedkundige diens te lewer.

Studente wat ’n onderwysrigting in Verbruikerswetenskappe wil volg, moet in ’n vierde studiejaar ’n Nagraadse Onderwyssertifikaat voltooi.

Hoekom wil ek ’n verbruikerswetenskaplike wees?
Die samestelling van die Suid-Afrikaanse verbruikersbevolking wat toegang tot die markomgewing verkry het, het gedurende die afgelope aantal jare verander. Die rol van die verbruikers-wetenskaplike is om hierdie verbruikers se behoeftes ten opsigte van voedsel, behuising, kleding en tekstiele aan te spreek.

Verbruikerswetenskaplikes kan dus hulle kennis en vaardighede gebruik om verbruikers te help om hulle lewensvaardighede en sosio-ekonomiese situasie te verbeter.

Voorbeelde van verskeie privaat- en staatsektore wat beroeps-moontlikhede bied:
- Mode-, interieur-, voedselkleinhandel waarin verskeie bestuurs en bemarkingsopsies nagevolg kan word;
- Toerisme en gasvryheidsbedryf in moontlike bestuurs- of entrepreneuriese hoedanigheid;
- Binneontwerp en -versiering wat ook entrepreneuriese opsies insluit;
- Behuisingsontwikkeling;
- Onderwys en opleiding, asook kapasiteitsbou in verskeie velde gemik op verskeie teikengroepe.

Wyse van aanbieding en duur van die program
Die program word voltyds aangebied en strek oor drie (3) jaar.

Toelating tot nagraadse studie
Na voltooiing van hierdie program kan studente toegelaat word tot ’n Honneurs in Verbruikerswetenskappe. Toelating is onderhewig aan ’n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Daarna kan ’n student ingeskryf word vir ’n M- of PhD-graad in Verbruikerswetenskappe, mits daar aan die gestelde vereistes voldoen word.

BCur (Verpleegkunde)
(Programkode vir aansoekvorm: 120101: G407P)

Toelatingsvereistes
- Nasionale Senior Sertifikaat met universiteitstoelating;
- Fisiese Wetenskap of Lewenswetenskap of Wiskunde op vlak 4 (50-59%);
- ’n APS-telling van minstens 25;
- Ondervinding in die praktyk (hospitaal skoliereprogram; en – skaduverpleging); en
- Keuring.

Doel en aard van die program
Die program behels Algemene, Psigiatriese, Verloskundige en Gemeenskapsverpleegkunde en Anatomie.

Vir hierdie kwalifikasie word een (1) program aangebied. Dit is ’n professionele kwalifikasie wat lei tot registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging. Die doel van hierdie program is om studente met kennis en vaardighede toe te rus om as professionele algemene verpleegkundiges, psigiatriese verpleegkundiges, gemeenskapsverpleegkundiges en vroedvroue te praktiseer.

Studente kan, indien nodig, na suksesvolle voltooiing van hul tweede studiejaar as ingeskrewe verpleegkundiges by hierdie raad registreer.

Beroepsmoontlikhede

- Klinies;
- Gemeenskapsdienste;
- Hospitaaldienste (staat- of privaatklinieke); en
- Traumadienste.

Korporatief

- Mediese verteenwoordiger;
- Gevallebestuurders by mediese fondse;
- Konsultant;
- Privaatpraktisyn; en
- Beroepsgesondheidspraktisyn.

Vier (4) kwalifikasies na voltooiing van graad:

- Algemene Verpleegkunde;
- Gemeenskapsverpleegkunde;
- Psigiatriese Verpleegkunde; en
- Verloskundige Verpleegkunde.

Na afloop van jou studies en een jaar gemeenskapsdiens kan jy kies om binne of buite Suid-Afrika te praktiseer.



GRAADKRY

Belangrikste vakke

Die belangrikste vakke sluit in Fundamentele Verpleegkunde, Alge mene Verpleegkunde, Gemeenskapsverpleegkunde, Psigiatriese Verpleegkunde, Verloskundige Verpleegkunde, Fisiologie, Anatomie, Biochemie, Farmakologie, Psigologie, Sosiologie en Mikrobiologie.

Wyse van aanbieding en duur van die program

Die program word voltyds aangebied en strek oor vier (4) jaar.

Die program word in Afrikaans aangebied, maar word simultaan in Engels getolk.

Uitmuntende geleenthede tydens studiejare

- Phelophepa-gesondheidstrein;
- Uitruilstudente na buiteland; en
- Gemeenskapsbetrokkenheid met opwindende gemeenskaps-projekte.

Toelating tot nagraadse studie

Na suksesvolle voltooiing van die program (met ’n minimum slaagsyfer van 60%) en verwerwing van die gemiddelde graad, kan studente aansoek doen tot die meestersgraad in verskillende gespesialiseerde rigtings van Verpleegkunde en is onderhewig aan ’n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

NWU-PUKKE

- **Beroepsgerigte opleiding**
- **Internasionaal erkende grade**
- **Afrikaans (met opvoedkundige tolking in sekere kursusse)**
- **Polsende studentelewe**
- **Veilige kampus**

Tel: 018 299 2772
navrae@nwu.ac.za
nwu.ac.za
nwupuk.mobi

Pukke
NWUPUK
PukkeTV